# LYDING "OM U ONTWIL" IN PSALMS 44 EN 69

J H COETZEE

**ABSTRACT**

**Suffering "for Your sake" in Psalms 44 and 69**

Suffering "for Your sake" in the Old Testament is often incorrectly interpreted as vicarious suffering. In Psalms 44:23 and 69:8 where this expression occurs, it has a multiple function which excludes vicarious suffering. While the question of the reason and purpose of the suffering remains unanswered because the covenant theology had become a mystery, this expression was implemented as an escape to God's loving-kindness as the only ground for salvation. The problem of innocent suffering is not totally resolved hereby, but the tension between innocence and suffering is relieved and a shift in covenant theology introduced by the use of this expression.

Op twee plekke in die psalmbundel van die Ou Testament kom 'n uitdrukking voor wat dikwels deur geleerdes[1] as plaasvervangende of verteenwoordigende lyding geïnterpreteer word. In Psalm 44:23 lees ons: "Maar om U ontwil word ons die hele dag gedood" en in Psalm 69:8 staan geskryf: "Want om U ontwil dra ek smaad." In albei gevalle word die Hebreeuse woord *ʿālekā* gebruik vir die uitdrukking: "om U ontwil".

Buite die psalmbundel kom dieselfde uitdrukking in Jeremia 15:15 voor. In Deuteronomium 4:21 sê Moses dat die Here toornig op hom was "om julle ontwil". Hierby sluit Deuteronomium 9:18 aan waar Moses weer 'n keer voor die Here neergeval het "vanweë al julle sonde". Vergelyk in hierdie verband ook Deuteronomium 1:37 en 3:26. In laasgenoemde teksgedeeltes handel dit oor Moses wat as lydende kneg telkens vir die volk by God moes intree.[2] In die geval van Psalms 44 en 69 dui dit nie op verteenwoordiging van een mens namens ander mense voor God nie. Hier handel dit oor mense wat "namens God" ly en smaad verduur. Of liewer, so lyk dit op die oog af. Die vraag ontstaan of ons wel van plaasvervangende of verteenwoordigende lyding "namens God" kan praat wat laasgenoemde twee psalms betref? In Romeine 8:36 word Psalm 44:23 as 'n gebed vir die vervolgde "missionarische Urkirche"[3] gesiteer.

Dahood[4] wys in sy verklaring van bogenoemde twee psalms daarop dat 'n soortgelyke uitdrukking ook in die Ugaritiese literatuur gevind word. Met betrekking tot Psalm 44:23: "Compare ʿālekā with UT, 49:V:12—13, ʿlk pht dry bḥrb, 'Because of you I have seen hacking by

the sword.' "; met betrekking tot Psalm 69:8: "UT, 49:V:11—12, ʿlk b$^{c}$lm pht qlt, 'Because of you, O Baal, I have experienced (literally "seen") disgrace.' "

In die volgende ondersoek handel dit veral oor die funksie en doel van die *ʿālekā*-uitspreek in Psalms 44:23 en 69:9. Hiervoor is dit nodig om vas te stel hoe dié uitdrukking binne die onmiddellike konteks waarin dit voorkom, asook binne die twee betrokke psalms in die geheel, funksioneer.

## 1. Psalm 44

As klaagpsalm is dit inhoudelik uit die volgende elemente, wat struktureel met mekaar verband hou, opgebou:

*FIGUUR (i)*

| | |
|---|---|
| 2—4 | Himniese vertelling van Israel se verowering van Kanaän in die verlede |
| 5—8 | Himniese vertrouensuitsprake |
| 9 | Lof (himnies) |
| 10—17 | Klaaguitsprake met God as inisieerder van die onheil |
| 18—23 | Onskuldbetuiging van die volk |
| 24—27 | Bede om hulp in die hede. |

In 2—4 staan *God se redding en leiding in die verlede* duidelik voorop. Hy het sy volk tydens oorloë gelei en aan hulle die oorwinning gegee. Op grond van hierdie leiding en God se heerskappy *vertrou* die bidder dat Hy ook aan die volk in hul huidige nood oorwinning oor hulle vyande sal skenk (5—8). Die heilsgebeure in die verlede en die vertroue in God se redding in die hede loop uit op 'n *lofroep* (9). Verse 2—9 kan in die geheel as 'n himne beskou word.


Verse 10—17, wat die *klaaguitsprake* bevat met God as die inisieerder van die onheil wat die volk tref, loop uit op die *onskuldbetuigings* (18—23) waarmee die volk ontken dat hulle vir die opwekking van God se toorn oor hulle verantwoordelik is.

Die *smeking om hulp* (24—27) is die kulminasie van die totale inhoud van die psalm.

Uit bogenoemde blyk duidelik dat die *ʿālekā*-uitspraak in vers 23 primêr verband hou met die volk se onskuldbetuigings (18—23). Word

verse 18—23 van nader bekyk, dan word die volgende parallelle samehang aangetref (die stippellyne toon die parallelplasing van gedagtes aan):

*FIGUUR (ii)*




In 18 word ontken dat *die volk God vergeet en sy verbond verbreek het.* Parallel hieraan stel vers 21 dit kondisioneel: ás die volk God sou *vergeet* en agter ander gode aangaan ... Vers 19 ontken dat *die volk se hart weggedraai* en hul voete van die pad afgewyk het. Parallel hiermee word die vraag in 22 gestel of God dit as kenner van die *hart* dan nie sou agterkom wanneer die volk sou afdwaal nie. Vers 20 staan in teenstelling tot 18—19 wanneer gesê word: nogtans het *God ons verpletter* en 'n *donker skaduwee oor ons gebring* (vgl die vaste verbindingslyne A in fig (ii)). Vers 23 vorm as parallel van 20 ook 'n kontras met sy twee voorafgaande stiges, naamlik 21—22: nogtans word *ons om U ontwil gedood* en as slagskape gereken (vgl die vaste verbindingslyne B). Sowel 20 as 23 hou inhoudelik ten nouste verband met 18$\alpha$: "Dit alles het oor ons gekom", wat 'n samevatting van 10—17 is waarin dit handel oor God se negatiewe dade wat oor die volk gekom het. So staan 20 en 23 as kontrasterende stiges ten opsigte van die twee stiges wat hulle onderskeidelik voorafgaan, in lyn met vers 10, wat deur middel van die woord *'ap* ook met die voorafgaande positiewe stiges gekontrasteer word en sodoende die hele 10—23 met 2—9 kontrasteer (vgl fig (i)).


Die tendens wat dus hieruit na vore kom, is dat die volk se uitermate positiewe optrede (9, 18$\beta$b, 21—22) waaruit hulle onskuld duidelik blyk, telkens met God se negatiewe optrede teenoor hulle gekontrasteer word. Die patroon waarin hierdie tendens uiteenval, is soos volg:

*FIGUUR (iii)*

| | |
|---|---|
| 2–8 | Sterk himniese vertelling oor God se redding |
| 9 | Die volk se lof oor die redding |
| 10–17 | God se negatiewe optrede ten spyte van vroeëre redding en lof |
| 18–19 | Die volk se verbondstrou teenoor God |
| 20 | ten spyte van God se toorn oor hulle |
| 21–22 | Die volk se onskuld – God sou tog agtergekom het as hulle sondig |
| 23 | Maar "om U ontwil" word die volk gedood. |

Die psalm loop dus op na 'n hoogtepunt toe met behulp van kontrasterende elemente wat telkens die vraag: waarom? suggereer. Dit kan soos volg uitgebeeld word:

*FIGUUR (iv)*



Op hierdie wyse bou die psalmdigter spanning deur die hele psalm op rondom die vraagstuk van "onskuldige lyding". Dit is egter opvallend dat daar geen oplossing vir die spanning tussen God se negatiewe optrede en die volk se positiewe optrede bestaan nie, behalwe in die woord: *ᶜālekā* — om U ontwil. Die reddingsgeskiedenis van die volk (2—9) word met behulp van die landinnametradisie betrek by die probleem van onskuldige lyding in die hede. Die noue verbintenis tussen God en die volk en God en die bidder is deurgaans opmerklik. Daarom is daar vir die volk geen ander antwoord vir God se "vreemde" optrede nie, as dat dit "om U ontwil" is dat hulle ly. Maar dit is dan ook op grond van die verbondsverhouding en op grond van God se redding in die verlede dat die digter in die klimaks van sy psalm (24—27) om redding kan smeek in die hede. Daarom beroep die volk hulle ten slotte op God se *ḥêsêd* of verbondsliefde in 57.[5)]

Die tema van die volk se lyding ter wille van God is dus ten nouste verbind aan die onskuldstema, maar hou ook verband met God se redding in die verlede. Kraus[6)] meen dat dit die *signa crucis* is wat hier reeds op die Ou-Testamentiese verbondsvolk lê op grond van hul verbondsverhouding met God.

Hier is egter nie sprake van 'n passiewe aanvaarding van die *signa crucis* deur die volk nie. Hier lê eerder 'n mate van aktiewe beskuldiging teen God ten grondslag,[7)] nie vanweë die volk se verwaandheid nie, maar as uiting van die nood waarin hulle verkeer. In hierdie beskuldiging waarheen daar klimakties opgebou word, lê die erkenning opgesluit dat God alleen die oorsaak van sowel al die heil as die onheil is wat oor die volk kom.[8)]

Ek sluit verder by Gross[9)] aan wat met betrekking tot die onskuld en lyding ter wille van God in Psalm 44 wys op die krisis wat in die deuteronomistiese geskiedbeskouing ontstaan het. Volgens hom word die skematisme van laasgenoemde beskouing, naamlik dat God se verbondstrou onlosmaaklik aan die volk se onderhouding van die verbond verbind sou wees, hier in Psalm 44 deurbreek. Hierdie psalm vorm 'n brug na die teologiese uitsprake in die boek Job waarin dit duidelik na vore kom dat God nie in menslike skemas vas te vang is nie. Vir die volk het die eens skynbaar "bekende" God se optrede nou onverklaarbaar geword.[10)] Omdat die volk self onskuldig is, maar God hulle nogtans laat ly, kan hulle dit nie verstaan nie. Daarom die (beskuldigende) *ᶜālekā*-uitspraak teenoor God vir wie alle heil en onheil kom.

Stilisties voer die psalmdigter hierdie psalm na 'n hoogtepunt,[11)] naamlik 'n nuwe denkrigting wat in die na-eksiliese tyd na vore kom in die geskiedbeskouing van die volk: "om U ontwil" moet ons ly. Wanneer hierdie hoogtepunt bereik word, word 'n appêl gemaak op God se red-

ding in die hede om die spanning van die onskuldige lyding op te hef. Slegs konkrete redding in die hede kan hierdie spanning verlig.

Uit die ondersoek hierbo blyk dus dat die uitspraak "om U ontwil" in Psalm 44:23 in die eerste plek stilisties so geïmplementeer word dat dit as deel van die hoogtepunt van die psalm daartoe dien om God te oorreed om reddend in te gryp in die hede. Omdat dit "om U ontwil" is dat hulle ly, daarom kan die volk op grond van God se verbondsliefde om redding smeek. Tweedens dien die uitspraak die doel om aan te toon dat daar 'n verskuiwing in die geskiedbeskouing en dus ook in die verbondsbeskouing van die volk plaasgevind het wat God as die inisieerder van sowel die heil as die onheil tipeer. Dié beskouing maak dan 'n nuwe deur oop vir die probleem van onskuldige lyding deurdat lyding "om U ontwil" onmiddellik 'n appèl op God se reddende verbonds*liefde (ḥêsêd)* moontlik maak. Derdens moet die beskouing dat ons in hierdie uitdrukking in Psalm 44 te doen het met 'n plaasvervangende of verteenwoordigende lyding (d w s in God se plek) eerder plek maak vir die gedagte dat die uitdrukking "om U ontwil" grootliks 'n noodroep om redding is wat selfs 'n element van beskuldiging bevat.

2. **Psalm 69** se inhoud vertoon die volgende strukturele samehang:


*FIGUUR (v)*

| | |
|---|---|
| 2$\alpha$ | Smeking om redding |
| 2$\beta$–5 | Klaagrede met onskuldsbetuiging |
| **6** | Skuldbelydenis |
| 7–13 | Smeking en klaagrede |
| 14–19 | Smeking om redding |
| 20 | Erkenning: God ken bidder se smaad en sy vyande |
| 21–22 | Klaagrede oor smaad |
| 23–29 | Strafwense oor vyande |
| 30$\alpha$ | Klaagrede |
| 30$\beta$–37 | Smeking om redding en sekerheid van verhoring. |

In hierdie klaagpsalm wissel 'n verskeidenheid van elemente mekaar af. Veral die klaagelement kom herhaalde kere voor en dit is binne laasgenoemde konteks wat vers 8 hom bevind: "Want om U ontwil (*ʿālekā*) dra ek smaad, bedek skande my aangesig." Vers 10 hou inhoudelik baie sterk verband met 8.

Dit is verder ook duidelik dat 7—8 en 9—10 in noue verband met mekaar staan soos wat die volgende verbindings aantoon:

*FIGUUR (vi)*



| | |
|---|---|
| 7 | Dubbele smeking dat medegelowiges nie deur my in skande kom nie |
| 8 | Want "om U ontwil" dra ek smaad |
| 9 | Verwydering tussen my en my broers |
| 10 | Want ek word gesmaad weens my band met God |
| 11—13 | Klaagrede. |

(Die stippellyne toon aan dat die gedagtegang in die betrokke stiges parallel aan mekaar geplaas is.)

Die primêre konteks van 8 en 10 dui dus daarop dat die gedagte van lyding "om U ontwil" in hierdie psalm ten nouste verband hou met die bidder se kommer oor sy verhouding met sy medegelowiges en broers, en by name dat hy bekommerd daaroor is dat sy lyding "om U ontwil" sy verhouding met hierdie betrokke mense skaad. Dit is dus veelseggend dat die uitdrukking "om U ontwil" hier primêr in 'n *smeek- en klaagkonteks* voorkom, terwyl dit ook met 'n *onskuldsbetuiging* (5) en *smeking om redding* (14—19) verband hou. Uit die psalm as geheel blyk dit dus dat die hoofrede vir die bidder se geklaag en smeking om redding geleë is in die smaad wat hy moet ly (valse beskuldigings en bedreigings) ter wille van sy verhouding met God.[12]

Uit 30—37 is dit duidelik dat hierdie 'n laat-eksiliese psalm moet wees. Die verlossing van Sion en die heropbou van Juda se stede en hervestiging van die volk lê voor. Dit is waarvoor die bidder hom beywer en waarvoor hy gesmaad word. Waarskynlik moet hierdie situasie aan die begin van die terugkeer uit die ballingskap geplaas word. Die volk is besig om geleidelik terug te keer en om hulself te hervestig nog voordat die tempel herbou is. Haggai 1:1—11 toon byvoorbeeld die stryd aan wat daar was om die volk te motiveer om te begin bou aan die tempel. Die terugkerendes se primêre doel was om vir hulself te sorg en daardeur is die herbou van die tempel agterweë gelaat. Die bidder van Psalm 69 beywer hom egter sterk vir die herbou van die tempel.

Die bidder se lyding ter wille van Jahwe getuig hiervan: (a) die sterk band wat daar van sy kant af met God bestaan, en (b) sy erns met die herbou van die tempel. Hier is dus nie sprake van plaasvervangende lyding nie. Hy gee hierdeur uiting aan sy *persoonlike ervaring* dat hy, nie-

teenstaande sy trou aan Jahwe, tog nog "oor Hom" (*ʿālekā*) moet ly. Nie in Jahwe se plek dra hy smaad nie, maar *saam met Hom* en omdat hy aan Hom verbind is. Sy vyande is dus ook Jahwe se vyande.

Die bidder se lyding ter wille van Jahwe hou ook verband met die tema van *onskuld* (5). Hierdie onskuldbetuigings geld egter net vir sover dit die valse beskuldigings van die vyande betref, want in 6 erken hy die skuld wat hy as mens wel voor God het. Voor God is hy as mens skuldig, maar voor sy vyande met hulle valse beskuldigings is hy onskuldig.

Met sy skuldbelydenis voor Jahwe (6) bely die bidder egter glad nie dat dit weens sy skuld voor Hom is dat hy moet ly nie.[13] Myns insiens omseil hy die moontlikheid van lyding weens sy sonde reeds deur te sê dat hy "om U ontwil" (8) ly. Sodoende word die lyding ter wille van Jahwe by die onskuldtema betrek met die doel om homself totaal op Jahwe te werp vir redding.

Die probleem van onskuldige lyding is dus 'n onverklaarbare dilemma waarin die bidder verkeer. Daarom skep hy, soos ook die digter van Psalm 44, 'n meganisme om hierdie spanning mee te verlig. Die *valse beskuldigings* en die *effek* daarvan *op sy medegelowiges* (5, 7), asook die *vervreemding van sy familie* word in die psalm in spanning geplaas met *die bidder se onskuld* (lyding van homself en andere teenoor onskuld). Die enigste wyse waarop hierdie spanning verlig kan word, is deur te bely dat hy "om U ontwil" smaad verduur (8, 10). Dit stel die bidder dan verder in staat om 'n appèl op God se redding te maak (14—19) en Hom sodoende tot konkrete redding aan te spoor. Verder is die lyding "om U ontwil" vir die bidder ook 'n sterk motivering vir sy strafwense teen die vyande (23—29), wat vir homself redding tot gevolg sou hê.

## 3. Gevolgtrekkings

Uit bogenoemde ondersoek blyk duidelik dat die uitdrukking "om U ontwil" (*ʿālekā*) in albei van die betrokke psalms 'n verskeidenheid van funksies het wat op sowel stilistiese as inhoudelike vlak daartoe meehelp om Jahwe tot konkrete redding aan te spoor. In albei psalms maak die tema van *lyding "om U ontwil"* 'n appèl op God se reddende liefde (Psalms 44:27; 69:17). Albei psalms toon ook aan dat dit nie as gevolg van sonde teen God is wat die bidder moet ly nie. Laastens het ons nie hier te doen met plaasvervangende lyding nie, maar met uitroepe in nood wat daarop gemik is om God tot konkrete redding aan te spoor. Terwyl die vraag omtrent die rede en doel van die lyding vir die volk onbeantwoord bly[14] omdat die verbondsteologie 'n misterie vir hulle geword het,[15] word die uitdrukking "om U ontwil" hier geïmplementeer as 'n uitkoms uit die dilemma om op God se verbonds*liefde*, as die enigste

grond vir redding 'n appèl te maak. Die probleem van onskuldige lyding word nie hierdeur geheel en al opgelos nie, maar die spanning tussen *onskuld* en *lyding* word verlig en 'n verskuiwing in die verbondsteologie word hierdeur teweeggebring.

## NOTAS


1. Vgl H-J Kraus, *Psalmen,* BKAT, Band XV/2. Neukirchen-Vluyn $^{4}$1972, 482–483.
2. F Deist e a, *Van Eden tot Rome,* Pretoria 1981, 55.
3. A Deissler, *Die Psalmen, II. Teil (Ps 42–89),* Düsseldorf $^{2}$1967, 15.
4. M Dahood, *Psalms I (1–50),* New York 1974, 267; M. Dahood, *Psalms II (51–100),* New York, 1974, 157.
5. P C Craigie, *Psalms 1–50,* World Biblical Commentary 19, Waco 1983, 334.
6. H-J Kraus, *Psalmen,* BKAT Band XV/1, Neukirchen-Vluyn $^{4}$1972, 329. 972,
7. Vgl J Kühlewein, *Geschichte in den Psalmen,* CTM, 2, Stuttgart 1973, 48–49; L Perlitt, "Anklagte und Freispruch Gottes: Theologische Motive in der Zeit des Exils", *ZThK* 69/3 (1972), 290–303.
8. J L Crenshaw, "The Shift from Theodicy to Anthropodicy", *in Theodicy in the Old Testament,* edited by J L Crenshaw, Philadelphia 1983, 2–3.
9. H Gross, "Geschichtserfahrung in den Psalmen 44 und 77", *TThZ* 80 (1971), 207–221.
10. Gross, *TThZ* vol 80 (1971), 216.
11. J H Coetzee, Die spanning tussen God se 'verborge wees' en sy 'ingrype om te red'. 'n Eksegetiese ondersoek na 'n aantal klaagpsalms, DD-proefskrif, Pretoria 1986, 141.
12. Coetzee, *a w,* 171.
13. H McKeating, "Divine Forgiveness in the Psalms", *SJT* vol 18 (1965), 69–83, is van mening dat lyding hier, en in die grootste deel van die Ou Testament, direk met sonde verband hou. Daarenteen het S E Balantine, in *The Hidden God. The Hiding of the Face of God in the Old Testament,* Oxford 1983, 53, oortuigend aangetoon dat sonde nie noodwendig altyd as die oorsaak van lyding gesien is nie.
14. A Weiser, *The Psalms,* London $^{4}$1975, 359.
15. Craigie, *a w,* 334–335.